ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 64 Nr. 2

April 2016



Kongres trek lewensbelangrike onderskeidinge

So bely die VCHO sy:

Doel:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Efesiërs 1:1-6

Christus is die Fondament

Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. – 1 Kor. 3:11

Paulus sê dat die fondament behou moet word wat hy self, by die opbou van die Christelike leer onder die Korinthiërs, gelê het. Buiten dit kan geen ander een gelê word nie. En dié fondament is Jesus Christus.

Watter betekenis het dit vir ons dat die fondament in Christus geleë is? Kom dit daarop neer dat Hy vir ons die begin van die saligheid is, sodat ons dit moet voltooi? Beteken dit dat Hy net die pad oopgemaak het, sodat ons in eie krag verder daarop moet loop? Hoegenaamd nie. Maar, soos hy kort tevore geskryf het: wanneer ons Hom erken, is Hy aan ons gegee om ons te regverdig.

Niemand is dus goed in Christus gefundeer nie behalwe hy wat 'n volkome geregtigheid in Hom verkry het. Want die apostel sê nie dat Christus gestuur is om ons behulpsaam te wees om geregtigheid te bekom nie, maar sodat Hy sélf ons geregtigheid mag wees (1 Kor. 1:30). Die bedoeling is dus dat ons van ewigheid af in Hom uitverkies is – reeds voor die grondlegging van die wêreld. Van ons kant af is daar geen verdienste nie …

Deur sy dood is ons verlos van die vloek van die dood en van die verderf bevry. In Hom is ons deur die Hemelse Vader aangeneem as kinders en erfgename. Deur sy bloed is ons met die Vader versoen …

Al is ons sondaars, is Hý ons geregtigheid. Al is ons onrein, is Hý ons reinheid. Al is ons swak, ongewapen en aan Satan blootgestel, tog behoort die mag wat aan Hom gegee is – in Hemel en op aarde – aan ons. Daarom oorweldig Hy Satan vir ons … Al dra ons ook nog die liggaam van die dood met ons saam, tog is Hy ons lewe. Kortom, alles wat aan Hom behoort, behoort aan ons …

Inst. III, 15, 5

Here, leer ons tog daagliks beter verstaan dat ons in U alles ontvang het wat goed is.

In hierdie uitgawe

Onderwyskongres	3
Kenmerke Christelike onderwys	6
Waarom 'n Christelike skool	9
Praktyk van leerondersteuning	12
Bybelse etiek van seksualiteit	14
Christelike opvoeding	16
Kruis-evangelie	18

Onderwyskongres gehou te Pretoria

Mediaverklaring (verwerk)

Die Christelike onderwyskongres, met deelname van verskeie instansies wat met onderwys en opleiding gemoeid is, het op 3 en 4 Maart te Pretoria plaasgevind. Die kongres is deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys aangebied, waartoe 'n sewetal instansies en referente meegewerk het. Die insentief van die vroeër gestigte Samewerkingsforum vir Christelike onderwys het stukrag aan die kongres verleen, sodat dit oor 'n veel breër front aangebied kon word, met goeie gevolg. Die aanbieding het plaasgevind teen die agtergrond van die heersende onderwysbeleid in Suid-Afrika met sy humanisties-sekulêre aanslag. Die kongres het gedien as 'n bevestiging van die bestaansreg van Christelike onderwys en opleiding en dat dit tans as deel van die hoofstroom-onderwys van Suid-Afrika gereken moet word.

Onderwys-historiese verkenning

'n Onderwys-historiese verkenning het die kernbelang van die vestiging en periodieke opbloei van Christelike-gereformeerde onderwys sedert 1652 aangetoon. In verskillende stadia van die Christen-Afrikaner se geskiedenis het Christelike onderwys 'n sterk opbloei beleef, veral ook met verwysing na die CNO-beweging. Handhawing daarvan was egter geen gelykmatige pad nie. Christelike onderwys as 'n gestalte van God's koninkryk bly nogtans wesenlik. Die stryd om die handhawing daarvan oor meer as 3.5 eeue was by tye moeilik en hewig. Dit is o.m. aan die 17de eeuse skeiding wat tussen kerk en staat gekom het, toe te skryf dat Christelike onderwys 'n opdraande stryd gevoer het. Telkens het dit tot die inbring van sekulêre onderwys deur 'n vreemde staatsowerheid aanleiding gegee.

Ondanks die teen- en terugslae is die oorhoofse boodskap dat moed geskep moet word uit die feit dat selfs die voortgang van die onderwys God se werk is. Al sou die verhouding tussen Christelike en sekulêre onderwys verreweg ten gunste van laasgenoemde wees, moet onthou word dat dit God is wat in die voortgang van die verbondsgemeenskap voorsien en laat groei, ook op onderwysgebied.

Christelike identiteit

Sterk klem is op die betekenis van ons Christelike identiteit geplaas. Dit begin by die belydenis van Jesus Christus as Verlosser, maar strek nog veel verder. 'n Christen is die eiendom van Jesus Christus en 'n onderwyser se belydenis dat hy/sy 'n Christen is behoort ernstig opgeneem te word. 'n Christenonderwyser se belydenis behoort die onderwyser dag na dag voor die vraag te stel: Wat is die implikasies van Christus se beslag op my lewe?

God se inwoning deur die Heilige Gees in sy kinders se liggame moet nie as mistiek beskou word nie, maar werklike inwoning. Waar Sy kinders gaan, daar bewoon Hy die aarde. God se inwoning van sy kinders deur die Heilige Gees behoort die vertrekpunt te wees van ons denke oor Christelike identiteit. Vanuit hierdie denke oor Christelike identiteit moet ook die inrig en ontwikkeling van Christelike onderrig spruit.

Onderwys-filosofiese ontwikkeling

Uitvoerige bespreking is gewy aan die Christelike beginsels wat onderwys/opleiding onderlê. Die geskiedenis van die filosofie van die onderwys toon duidelik die groot 'gletserskeure', waarna ook vroeër verwys is. Dit moet as radikaal bestempel word, aangesien dit in die onderwys 'n algehele skeiding tussen geloof en wete tot gevolg gehad het. Geloof is/word daardeur verkerklik en vergeestelik, terwyl wete en wetenskap verwêrelds word. Die gevolg is dat kinders 'afgerig' word om aktief sonder God klaar te kom, met die implikasie dat Hy, sover dit die elkedagse lewe betref, ontken word. Tereg is die vraag gestel wie met hierdie skeiding, veral ook tydens die oorgangsbedeling in SA, die kinders ontvang het?

Post-modernisme is sedert die 11 September-gebeure 'n nekslag toegedien en die ondergang daarvan word o.m. vergestalt in die identiteitsdebat wat die immigrantekrisis in Europa en binne die Europese Unie na vore bring. Die vroeë kenmerke van hierdie nuwe tydperk is o.m. die opkoms van radikalisme, fundamentalisme en religieuse fanatisme. Dit is te wyte aan die vakuum wat gelaat word vanweë 'n filosofiese verskuiwing weg van die Christelike, waar van die Christelike religie en kultuur afstand gedoen is.

Die vraag oor die versoening t.o.v. natuur/vryheid, asook dié oor die skeppingsdoel verdien pertinente oorweging. Dit bestaan daarin dat die onderwys daartoe moet meewerk dat die kinders moet kan vrykom om te

Vervolg op bl. 5

Referente wat tydens die kongres opgetree het

Vervolg van bl. 3

word wie hulle in Christus bestem is om te wees. Prakties beteken dit om te bely en te be-leer dat Christus ons enigste Leermeester is, asook die liefdesgebod as basis van onderrig, met die vrygemaakte onderriggemeenskap as resultaat.

Kenmerke van Christelike onderwys

Belangrike kenmerke van Christelike onderwys staan in direkte verband met Skrifgebondenheid, 'n Christelike onderwysfilosofie, 'n Christelike opvoedings-/ opleidingsdoel, en Christelike vakonderrig, beheer en bestuur.

Praktiese implikasies vir hierdie bepaalde beskouing is bv. die volgende:

- Leerders se blootgestelling aan 'n samehangende beeld van die werklikheid geïntegreer deur die aanbieding van die kurrikulum vanuit 'n Christelike perspektief.
- 'n Kurrikulum met genoeg breedte en diepte, ten einde leerders voor te berei op liefdesdiens uit dankbaarheid, wat die grondslag vorm vir verdere opleiding vanweë die gehalte van blootstelling aan die skepping in elke vak.
- Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing deur die werking van die skoollewe in alle fasette daarvan, insluitende die beheer en bestuur, en die Christelike werksetiek daarbinne.
- Blootstelling aan Christelike kritiese denke, wat impliseer dat die inwerking van humanistiese en ander religieuse oortuigingsraamwerke uitgewys, en die Christelike daarteenoor gestel word. Weens heersende afvallige oortuigings op die daaglikse bestaan binne die Westerse kulturele nalatenskap, behoort daar glad nie in humanistiese norme en waardes opgevoed te word nie.

Gesin in perspektief

Die wesensplek van die gesin om 'n kultuurgemeenskap in die kleine te wees is beklemtoon. Vooronderstelling, die taal, gewoontes, tradisies ens. vorm alles deel hiervan. Dit is eenvoudig dwaasheid om kinders en jongmense aan hulleself oor te laat, sonder 'n doelbewuste geleide ondersteuningsproses van vorming en begeleiding in konsekwente Christenskap. Dit is soos om die deur oop te maak sodat niechristelikes ingenooi word om asb. tog die vormingswerk te doen met katastrofiese gevolge vir sowel kerk as samelewing. Wanneer die onderwys van God en sy Woord losgemaak word, word die onus i.v.m. die lotsbestemming na die mens verplaas, wat besliste gevolge vir die opvoeding inhou. Die tradisionele vormingstrio – gesin, skool, kerk – sluit by alle ander aspekte die belangrike bondgenootskap met mekaar om nl. die kultuurinvloede te monitor. Dit het veel belangriker implikasies as om maar net bv. eendag te gaan geld verdien en t.o.v. die kerk veel meer as net gebed en sang.

Lewensoriëntering

Daar is gewys op die bedreiging van die geleidelik aftakelende gevolge van die vak Lewensoriëntering soos dit in die Nasionale Kurrikulumverklaring voorgeskryf word. Bepaalde begrippe oor Wie God vir die kind is, hoe die identiteit en selfbeeld van die kind oor opklimmende grade heen vernietig word en die uiters verwarrende lewens- en wêreldbeskouing wat uiteindelik as gevolg hiervan gevorm word, is van die aspekte wat genoem is. In essensie kom dit daarop neer dat die kind van die wesenlike begrippe wat die Christelike identiteit moet help vorm, beroof word, en uiteindelik van die geloof self.

Instituut vir Privaat Onderwys

In wat as 'n uiters belangrike verwikkeling in Suid-Afrikaanse onderwys gesien word is die kongres oor die stigting van 'n onafhanklike onderwysliggaam ingelig. Die bekendstelling van die Instituut vir Privaat Onderwys is met groot akklamasie begroet. Die IPO, soos dit bekendstaan, is gebore uit die nood wat daar ontstaan het om die Christelike alternatief sonder inmenging te kan bedryf. Dit behels die daarstelling van 'n volledige onafhanklike onderwysstelsel op alle vlakke van onderwys.

Die IPO sal inklusief wees en is op Christelike waardes geskoei. Dit sal na hoë- standaard kwaliteit-onderwys streef. Dit sal 'n eie onafhanklike kurrikulum daarstel wat met differensiasie rekening sal hou. Die belangrike vereiste is dat dit goeie onderwys wil fasiliteer. Dit sal sy eie eksaminering behartig en hoë standaarde nastreef. Die visie is die vestiging en ontwikkeling van 'n instituut vir waardegedrewe onderwys.

Die stigting van die IPO het reeds die nodige oorsese akkreditasie ontvang en geniet binnelands en buitelands die nodige erkenning. Die IPO sal as 'n maatskappy sonder winsoogmerk opereer.

Voortgang

Vanuit die aanbieding van hierdie kongres sal DV daarop voortgebou word in belang van die bevordering van Christelike onderwys en opleiding. Die inhoud van referate sal sover moontlik beskikbaar gemaak word, met die oog op wyer bekendstelling en deur publikasie.

Kenmerke van Christelike onderwys/opleiding en die praktiese implikasies daarvan

Prof. Johan van Niekerk

Referaat gelewer te Pretoria op 3 Maart 2016

(Opmerking: Onderstaande bevat die eerste deel van die referaat soos wat dit as ’n Powerpoint-aanbieding direk aan die gehoor gedoen is, met die nodige toeligting daarby. Die tweede deel, asook ander referate, sal in ’n volgende uitgawe verskyn – Red.)

Vernuwende denke

Vernuwing van ons denke oor die praktiese uitlewing van ons Christenskap op onderwysgebied is nooit ’n afgehandelde saak nie, juis omdat ons nie in die huidige bedeling volmaaktheid kan bereik nie. Daarom is elke organisasie wat die stempel van Christelike skool of opleidingsinstelling dra, voortdurend onderweg.

Die idee van gearriveerdheid pas nie by Christene nie; ook nie t.o.v. hulle onderwysinstellings nie (Fowler, 1993: 19-26).

Unieke geleentheid

’n Beraad soos hierdie waar ons gelowiges oor onderwys en opleiding kan besin, is ’n unieke geleentheid waar ons denke verander kan word oor hoe ons praktyke en instellings Skrifgebonde vernuwe kan word.

Kenmerk Skrifgebonde onderwys

Wat beteken dit as gesê word dat Christelike onderwys Skrifgebonde is?

Die Westerse denktradisie

“A long tradition in Western thought has confined the significance of the Word of God for the human knowing activity to knowledge about matters of faith and morals” (Fowler, 1987:19).

Invloed van die Westerse denktradisie

Die belang van die Bybel word beperk tot tot sake soos Bybelonderrig en opening van byeenkomste met Skriflesing en gebed. Die relevansie van die Woord vir alle aspekte van die totale instellingslewe word ontken of negeer. Die belang van Christelike vakonderrig word ontken.

Christelike onderwys

“Christian education must be a distinctive education, genuine alternative to all education founded on the religious principles. What we must aim for is not secular education with the addition of Christian values but education that is Christian through and through” (Fowler, 1987:86).

Implikasie 1

Christelike onderwys sal bou op ’n Christelike **onderwysfilosofie** en **lewens- en wêreldbeskouing** wat op die Skrif gefundeer is.

Implikasie 2

Die hele werking van die opleidingsinstelling in alle fasette moet getuig van gehoorsaamheid aan die eise van die Woord, deur onderwerping aan die normatiewe voorwaardes vir ons bestaan, verkry uit ’n ernstige soeke na die ordinansies wat God daargestel het vir alle terreine van die werklikheid; dus ook vir opvoeding en onderwys.



Implikasie 3

Christelike onderwys impliseer **gehalte werk**; dit is tog die skepping waarin ons werk en wat volhoubaar versorg moet word. Geen negatiewe persepsie nie. **Rentmeesterskap** is dus belangrik m.b.t. ons dienslewering.

’n Christelike **werksetiek** moet onder alle betrokkenes geld.

Implikasie 4

Die **Bybelse sinskonteks** waarbinne wetenskapsbeoefening en die tegniese toepassing daarvan geplaas behoort te word sal ’n integrale deel van die aanbieding in die lesinglokale en klaskamers van ons opleidingsinstellings moet wees.

Daardeur kan verantwoordelike rentmeesterskap by leerders vir ons optrede as mede-werkers in die Koninkryk gevestig word.

Vervolg op bl. 7

Vervolg van bl. 6

Implikasie 5

Skrifgebonde onderwys impliseer Skrifgebonde **kritiese denke**; dus 'n kritiese instelling teenoor die invloed van die afvallige tydsgees op ons onderwysdenke en -praktyk.

Dit impliseer waaksaamheid t.o.v. die impak van die sekulêre humanisme en ander ideologieë, en selfs afrikanisering op ons instellings.

Implikasie 6

Skrifgebonde onderwys impliseer Skrifgebonde **opleiding en indiensopleiding** van onderwysers en dosente; anders weet dié wat klasgee nie hoe om vakke Skrifgebonde aan te bied nie.

✦ Dus impliseer dit opleidingsinstellings wat ook integraal **Skrifgebonde funksioneer in alle aspekte** daarvan, en
✦ waarin personeel oor die nodige kundigheid beskik om onderwysers/dosente op Skrifgebonde onderwys in alle vakke te skool.

Implikasie 7

Selfopleiding in die Christelike wetenskap sal 'n rol kan speel in die heropleiding van huidige personeel wat nie in die Christelike wetenskap geskool is nie.
✦ Hulpmiddels hiervoor is beskikbaar, maar nog meer is nodig.

Implikasie 8

Leerders moet aan die **rykdom en verskeidenheid** van God se skepping blootgestel word,
✦ wat alleen kan gebeur indien onderwysmense self hulle in hierdie rykdom verdiep deur opvoedkundige en vakkundige kennis.
✦ Dis werklik jammer as ons so besig raak dat hierdie verdieping soms nie plaasvind nie.

Implikasie 9

Bybelgefundeerde onderrig dra die kenmerk dat dit **geïnspireerde onderrig** is.

✦ Inspirasie, entoesiasme en liefde spruit uit dankbaarheid.

Implikasie 10

Skrifgebonde onderwys impliseer die **integrasie van alle kennis**.

✦ Die Skrif bied die toegangspoort tot die integrasie van alle kennis.
✦ Daardeur word verhoed dat kennisverwerwing 'n onsamehangende proses raak wat die leerder verwar, eerder as dat dit tot geloofsversterking lei.

Christelike filosofie

Filosofie is die teoretiese refleksie oor lewens- en wêreldbeskoulike aangeleenthede en word beïnvloed deur die grondmotiewe van 'n religieuse aard.

Enige filosofie bou op voorveronderstellinge of aannames van 'n religieuse aard waartoe beoefenaars hulle verbind in wetenskapsbeoefening.

Rol van die Christelike filosofie

✦ Die filosofie kan enersyds gebruik word om te beskerm teen aannames, idees en konsepte wat daarteenoor staan.
✦ Andersyds verskaf dit kriteria aan die hand waarvan aannames, idees en konsepte beoordeel kan word.

Gereformeerde filosofie

✦ Die gereformeerde filosofie gaan uit van die veronderstelling dat God se Woord gesag voer oor alle lewensterreine en daarom ook oor wetenskapsbeoefening.
✦ Dit is die bril waardeur ons na die skeppingswerklikheid kyk; dus gee dit 'n begronding vir wetenskaplike kennis, alhoewel dit geen wetenskaplike handboek is nie.

Skrifgebonde vakfilosofie

In 'n Christelike werklikheidsbeskouing en filosofie word erken dat God se skeppingswoord en skeppingswette die oorsprong van die ordening en onderhouding van alles wat is daarstel.

In kennisontsluiting beteken dit dat beide kenner en dit wat ondersoek word ook aan hiedie skeppingsordinansies onderworpe is.

Dus sal ons vakfilosofieë en ons onderwysfilosofie grondliggend bepaal word deur ons Skrifgebonde lewens- en wêreldbeskouing.

Die Skrif en Christelike filosofie erken nie die sogenaamde outonomie van die menslike rede nie.

Die rol van die rede

Die menslike rede is geskape en die werking daarvan deur die Skepp vasgestel om Hom te kan dien in gehoorsaamheid (ook in wetenskapsbeoefening), of

Dit kan in die bedeling na die sondeval in afvalligheid Sy soewereiniteit bevraagteken en betreffende lewens- en wêreldbeskouing in afvallige bane beweeg tot groot nadeel van die mens en die skepping.

In Christelike onderwys staan die brein onder die bestuur van die hart as die religieuse sentrum van ons bestaan.

Rangorde van waardes

"Elke lewens- en wêreldbeskouing het 'n bepaalde rangorde van waardes. Vir die gereformeerde is die eer van God en die liefde tot die naaste die hoogste waarde" (Aros 2015:16).

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

Dit wat ons in die onderwys as waardevol beskou, sal dus deur ons lewens- en wêreldbeskouing bepaal word.

Implikasie 1

Die leerder moet lewens- en wêreldbeskoulik binne die **Christelike raamwerk** opgevoed word,

en ook blootgestel word daaraan om afvallige beskouinge te ontmasker en grondig daarteenoor standpunt te kan inneem.

Die Christelike onderwysinstelling mag nie ’n kokon wees nie.

Implikasie 2

Lewens- en wêreldbeskouing word **deur opvoeding verwerf**, en daarom is dit noodsaaklik dat die opvoeding in die gesin, onderwys en kerk hieraan sal meewerk.

Implikasie 3

Die Christelike mens- en kindbeskouing sluit in dat die mens beeld van God is, maar dat hierdie beeld deur die sondeval geskend is.

Daarom:

✦ Moet die leerder se **menswaardigheid** eerbiedig word;
✦ Die leerder se aangewesenheid op voortdurende **bekering en vernuwing** van die denke erken word.

Implikasie 4

Onderwyswaardes spruit uit ons lewens- en wêreldbeskouing en blyk uit die onderwyspraktyk.

“What man really believes ... is frequently more clearly revealed in what he teaches his children than in what he professes in his public statements” (Zais, 1976:105-106).

Ons moet ook in die onderwys onderskeidend kan dink oor ons onderwyswaardes. **Wat het werklik waarde?**

Implikasie 5

’n Beskouing waarin net die bestes, sterkstes en mooistes tel, word deur gereformeerdes afgewys ten gunste van een wat aanneem dat die **Godgegewe talente van almal in diens van God en die naaste** aangewend moet word.

Implikasie 6

’n Verwronge prestasie-gerigtheid word afgewys ten gunste daarvan dat **almal hul talente ten beste moet gebruik**, en dat dit gemeet word aan die eie vermoë en nie die van die ander nie.

Kenmerk: Opvoedingsdoel

In lyn met die uitoefening van rentmeesterskap as liefdesdiens aan God en die naaste as lewensdoel, sal ons opvoedingsdoel behels dat **’n genoegsame kennisbasis op skool voorsien word in voorbereiding tot ’n lewe van diens in liefde, dus verantwoordelike rentmeesterskap.**

Opvoedingsdoel

In ons onderwysinstellings leer ons van die skepping en hoe om daarin ons liefdesdiens aan die Skepper en aan mekaar te lewer.

Sonder dankbaarheid en liefde is ons strewe uitgehol.

Hierdie opvoedingsdoel is in lyn met die benadering dat die mens op alle terreine van die lewe die Here moet dien en daarvoor opgevoed moet word. Dit verdra dus geen tweedeling van die lewe in ’n sogenaamde religieuse en ’n sekulêre sfeer waarin God se Woord nie geld nie.

Implikasie 1

Die **kurrikulum** behoort beide genoegsame **breedte en diepte** te hê om die leerder tot diens/verantwoordelike rentmeesterskap in staat te stel.

Implikasie 2

Die **sinsamehange** waardeur kennis lewensbeskoulike betekenis verkry behoort uit die Skrifgebonde aard van die onderwys te spruit.

Implikasie 3

Die jeug behoort vir hul **lewe in ’n werklike wêreld** voorberei te word. Hierdie is ’n groot uitdaging en moet as deel van die opvoedingsdoel gesien word.

Implikasie 4

✦ Onderwys behoort oop te wees om die voortdurende **uitbreiding van kennis** van die skepping te **akkommodeer**.
✦ Dit mag nie verstar tot ’n geslote sisteem nie.
✦ Christene moet nie alleen op die voorpunt van kennisontsluiting wees nie, maar ook op die voorpunt van die onderrig van hierdie nuut ontslote kennis.

Implikasie 5

Alle **verhoudinge** binne Christelike opvoedingsinstellings (ook die wat op die beheer en bestuur daarvan betrekking het) behoort **deur die liefde gestempel** te word.

Bestuurders, dosente/onderwysers en leerders moet in liefde optree; daarom is hierdie ’n baie belangrike terrein vir voortdurende reformasie.

Implikasie 6

Die **atmosfeer** in instellings, lesinglokale en klaskamers moet deur dankbaarheid en liefde gestempel word, en ons moet weet hoe om dit so te kry.

(Word in ’n volgende uitgawe vervolg – Red.)

Waarom ’n Christelike Skool?

Saskia Meijer – Instituut vir Christelike Onderwys

Die media het gedurig kwessies en uitlatings oor openbare sowel as privaatskole. Bedink die Christen ouer en onderwyser ooit hierdie belangrike saak? Wat word bedoel met die term Christelike opvoeding en dan spesifiek in ’n Christelike skool?

Dit sou maklik wees om die Bybel oop te slaan en ’n stel duidelike antwoorde te probeer vind, maar dit is nie hoe die Here ons onderrig nie. Hy wil wel hê dat ons die Woord ondersoek en dieper delf om die ryke skat van voorskrifte vir morele en geestelike opvoeding te vind en dan in die praktyk voete laat kry. Lees gerus die eerste 11 verse van Ps. 78.

Ons weet ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kinders aan hul toevertrou (doopbelofte). Watter invloed het hierdie feit dan op die bestaansreg van ’n Christelike skool? Waarom is dit vir sommige ouers so belangrik om hul kinders by ’n skool met ’n Christelike etos in te skryf?

Om al hierdie vrae ooreenkomstig die Here se wil te antwoord is dit goed om na ’n paar basiese Christelike waarhede te gaan kyk. Die volgende basiese Christelike waarhede vorm die wegspring, die opvoedingspad en die einddoel van alle Christelike opvoeding.

Die wegspring

Die mens is geskape na die Beeld van God – Van alle geskape dinge is slegs die mens geskape na die Beeld van God (Gen. 1:26-27). Hierdie Skepping van die mens was ’n direkte daad en het nie deur ’n evolusieproses plaasgevind nie. Die mens is beelddraer van God, wat beteken dat hy God reflekteer in sy morele, intellektuele en emosionele optrede. Die erkenning hiervan is dat die mens besef dat hy as beelddraer van God as’t ware die stempel van die Skepper dra.

Sondeval – Nadat die mens deur sy eie ongehoorsaamheid in sonde geval het, is die beeld van God in die mens, beskadig. God het die mens geskep om Hom te verheerlik en te aanbid. Die mens het deur die aanhitsing van die Satan gekies om hierteen te rebelleer (Gen. 3). Hierdie rebellie noem ons die sondeval. Alle mense is in sonde ontvang en gebore. Inherent is elke mens dus boos, die sonde het ons geërf van Adam (Ps. 51:5; Rom. 5;12). Almal staan veroordeel voor God en het ’n Verlosser nodig (Rom. 3:23; 6:23). Alhoewel die mens as beelddraer van God nie totaal vernietig is nie, is dit wel ernstig beskadig. Die mens se verstand, sy hele wese is deur die sonde besoedel.

Verlosser – Deur God se groot genade het die Here voorsien om die beeld te herstel deur sy Seun, Jesus Christus. Hierdie herstel kan slegs deur Jesus Christus wat ons losgekoop het met sy kosbare bloed plaasvind. Jesus Christus is daarom ons enigste Leermeester, Hy is die antwoord op al die vrae soos: Waar kom ek vandaan, waarom is ek hier, waarheen gaan ek (Rom. 11:36)? In Jesus Christus het God vlees geword en onder ons kom woon. Deur Jesus Christus het God, Homself volledig aan die mens geopenbaar. Hy het in die wêreld gekom om ons van ons sondes te verlos. Na sy hemelvaart het Hy

gawes aan die kerk gegee om die heiliges toe te rus in hul beelddraerskap.

Wie is die kerk?

Die kerk is die groep gelowiges wat bymekaarkom en wat deur die Heilige Gees opgewek is om openlik hul geloof in Jesus Christus as hul Verlosser te bely. Die kerk is dus nie ’n gebou nie, wel die Liggaam van Jesus Christus. Om deel te wees van die kerk is om deel te wees van die Liggaam van Jesus Christus. Hierdie waarhede bepaal ook die opvoedingspad.

Wat word met opvoeding bedoel?

Opvoeding is die stuur van hierdie totale deurlopende proses van ontwikkeling na ’n bepaalde doel. Vanaf die moment wat ’n kindjie gebore is, is hy op hierdie opvoedingspad en is daar faktore wat invloed uitoefen op sy ontwikkeling. Hy ontwikkel en groei, maar sy groei eindig nie as

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

hy fisiese volwassenheid bereik nie. Sekere aspekte groei tot in die bejaarde ouderdom.

Die opvoedingspad

Op die opvoedingspad word die opvoeding gerig op die kind aan ons toevertrou, 'n unieke individu geskep deur God om 'n spesifieke opdrag/roeping van God uit te voer. Hiervoor moet hy deeglik opgelei en gemotiveer word om hierdie rol samewerkend met sy naaste te kan uitvoer.

Die Skrif leer ons dat die ***kerk*** en die ***huis*** die primêre rolspelers op hierdie opvoedingspad is. Die belangrikste rigtingwyser op die pad is die Bybel en daarin is dit duidelik dat die opvoeding by die huis moet begin (Gen. 18:19; Deut. 6:7; Spr. 22;6; Ps. 78, Efes. 6:4;, 11 Tim. 1:5 en 3;15.). Die opvoedingstaak lê egter ook by die kerk wat 'n onderrig en leerfunksie het. Die Nuwe Testament praat van die belangrikheid van onderrig. (Rom. 12:4-7; 1 Kor. 12:28)

Die Christelike skool

Ons almal weet dat ouers by die huis nie noodwendig al die aspekte van hierdie opvoedingspad kan uitvoer nie, so ook nie die dominee/pastoor by die kerk nie, maar dit is belangrik om te onthou dat Christene 'n mandaat het om in hul huise en kerke te onderrig. Om aan hierdie mandaat uitvoering te gee kom Christelike ouers of gemeentelede bymekaar om 'n Christelike skool te vorm. Hierdie optrede is vanuit gelowige oortuiging. Om ouers hierdie uitvoer van hul geloof te ontneem is om hul te ontneem om hul geloof te kan beoefen.

Om kinders op die opvoedingspad te begelei is nie primêr die taak van die staat nie, maar van ouers en die kerk. Wanneer die staat toegelaat word om alleen die kurrikulum se inhoud en standaarde te bepaal, word gelowige ouers en gemeentelede die reg ontsê om hul verantwoordelikheid teenoor God t.o.v. hul onderrig van hul kinders na te kom. Om Christelike skole te onderwerp aan die sekulêre wêreld is om Christelike huise en kerke aan die sekulêre wêreld te wil onderwerp, 'n wêreld wat nie die regte wegspring huldig nie.

Op hierdie pad moet die opvoeder baie bewus wees van die inhoud waarmee die kind gevoed word om die wedloop te kan voleindig ooreenkomstig die wil van God.

Kennis van God

Alle waarheid lê in God. God is die God van waarheid (Ps. 31;5), Die Heilige Gees is die Gees van Waarheid (Joh. 14:16-17) en Jesus is die Waarheid. Joh. 14:6. God se geopenbaarde Woord is die beginpunt van alle kennis, dit is die Waarheid, daarom kan dit wat in konflik met die Skrif kom nooit die waarheid wees nie. Kinders leer wie God is as hulle die Woord bestudeer, hoe hy Homself daarin openbaar en ook hoe Hy homself in sy werke openbaar.

Daarom is dit so belangrik dat die Bybel die kern vorm van die skool kurrikulum. Bybel is nie alleen die belangrikste vak nie, maar ook die bron wat al die ander vakinhoude bepaal asook hoe dit geleer word. Die Bybelse waarhede kan m.a.w. nie beperk word tot 'n vak nie, maar is geïntegreer in al die ander vakke. Daarom is die onderwyser se kennis van die Skrif so belangrik, aangesien dit bepaal hoe hy die inhoud kies en aanbied.

Hierdie kennis van God se Woord en sy Skepping moet daartoe lei dat die kind werklik kom tot vertroue en liefde in en vir God. Om God werklik te ken sal altyd lei tot ware dissipelskap (Fil. 3:10).

Die Skeppingswerke van God vorm 'n baie belangrike deel van die skoolkurrikulum. Die Skepping openbaar wie die Skepper en Onderhouer daarvan is. Die Woord nooi die mens uit om God se Skeppingswerke te bewonder en te ontleed (Rom. 1: 19-20).

Die mens is as die kroon van God se Skepping geskape, daarom behoort daar in 'n Christelike skool ook baie aandag gegee te word aan die geesteswetenskappe soos tale, letterkunde, kuns, geskiedenis, wiskundige logika en ander vorme van kulturele uitdrukking.

Die natuurwetenskappe vertel van die glorie van God se Skepping en getuig daarvan dat God 'n God van orde, skoonheid en krag is (Ps. 19:1). Verder moet die mens se omgewing waarin hy woon bestudeer word sodat die kultuuropdrag verstaan en uitgevoer kan word. Die Christelike skool bestudeer daarom fisika, chemie, lewenswetenskappe, die ruimte, wiskunde en verwante vakke, omdat daar so 'n rykdom van kennis van God se Skepping en sy werke in vervat is. Die stem van die skepping en die Stem uit die Woord is geïntegreerd en lei die leerling om God se goedheid en grootheid te leer ken.

Diensknegte van God

In 'n Christelike skool moet leerlinge geleer word om dissipels van Christus te word (Ef. 5:1). God gee die opdrag vir gelowiges om heilig te wees, want hy is heilig (Pet. 1:16). Die vrug van die Gees in Gal. 5:22, 23 is die uitdrukking of die leef van hierdie heiligheid. Om God werklik te volg vind uitdrukking in diens. Markus 10:45 getuig van Christus wat gekom het om te dien.

Daar moet dus in die kurrikulum voorsiening gemaak word vir die leerlinge om vaardig te word in

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

die dissipelskap, om werklik met alles wat hulle het God te dien. Hierdie instruksie geld nie net vir die geestelike lewe nie, maar ook om die leerling voor te berei om in die praktyk die dissipelskap gehoorsaam uit te leef bv. hoe versorg ek my motor wat God aan my toevertrou, die oppas van my liggaam (Rom. 12:1-2), rentmeesterskap, ens.

Verder word daar ook geleentheid in die kurrikulum gegee om kreatiwiteit te ontwikkel, aangesien die mens die vermoë gekry het om deur middel van tegnologie en kunswerke te kan skep. Hierdie menslike skeppinge moet moreel beoordeel kan word en voldoen aan die norme van die Woord.

Metode

Die metode waarop al hierdie dinge op die pad aangebied word is van kardinale belang. Dit word gewoonlik gekies na aanleiding van hoe effektief dit is. In 'n Christelike skool sal die metodes wat gekies word ook die voorbeeld wat God gee reflekteer. Sy metode is die mees effektiewe metode om te sorg dat sy wil uitgevoer word.

Ons enigste Leermeester, Jesus Christus het verskeie metodes gebruik. In die Ou Testament het Hy 'n boom gebruik om Adam te leer, na die vloed gebruik Hy die reënboog om vir Noag en almal na hom van die verbond wat Hy met die mens het te leer. Die hele tabernakel was 'n profetiese les om Christus te verkondig.

Bybelse metodes vra altyd insette van die persoon wat leer hetsy kind of volwassene. Dit voorsien geleentheid om die Bybelse waarhede te ontdek en vas te lê (Spr. 2: 4- 6). Die gelykenisse wat Jesus vertel is goeie voorbeelde van 'n metode waar insette van die student nodig was om te kan verstaan en om die les dan nooit weer te vergeet nie.

Hulpmiddels

Op hierdie pad gee die Here verskeie hulpmiddele om die taak uit te voer. Die belangrikste hulpmiddel of instrument is die Christen onderwyser. Die Geesvervulde onderwyser verteenwoordig die Here aan die leerling. Wat die leerling van God weet is baie keer dit wat hy in die onderwyser gesien en van hom geleer het. Dit is daarom belangrik dat die skool voortdurend aandag aan karakterbou en goeie gedrag by die onderwysers skenk.

Die skool behoort tyd te maak vir die professionele sowel as die geestelike ontwikkeling van die onderwysers. Groot klem behoort geplaas te word op die onderwyser wat sy vak moet beheers om akademies uitnemende onderrig te lewer. Die onderwyser moet voortdurend aangemoedig word om te bid vir geloofswysheid en insig om die vak ooreenkomstig die wil van die Here aan te bied.

Die onderwyser beklee 'n gesagsposisie sowel as 'n posisie van dienende gelowige. Die twee kan nie van mekaar geskei word nie. Matt. 20:25-28 leer dat 'n Godvresende leier dienend kan lei. Die Christen onderwyser moet gesaghebbend optree om in staat te wees om die kind navolgingswaardig te bedien met dissipelskap, sodat die kind kan volg om 'n dissipel van Christus te wees.

Die skoolhoof speel hierin 'n belangrike rol. Hy moet die gesag aan hom toevertrou so bedien dat die onderwyser in staat is om die leerling te bedien. Hy moet die beste omgewing kan skep, sodat Christus aan die kind verkondig kan word. Die onderwyser kan slegs funksioneer as onderwyser van God as die hoof sy behoeftes so bedien dat hy sy opdrag t.o.v. die kind kan uitvoer. Die hele Christelike skool moet op hierdie pad begelei en beskerm word deur 'n Godvresende bestuur wat die hoof en onderwysers in staat stel om die einddoel te bereik.

Dit is belangrik om te onthou om op hierdie pad voortdurend te fokus op die einddoel, die wenstreep waarheen hierdie kind gelei word.

Einddoel

In Christelike opvoeding is die doel om die proses van opvoeding te bestuur, totdat dit die doel wat God vir die mens het naamlik: diens aan God en sy naaste en heiligheid van karakter en dade bereik is (2 Tim. 3:17).

Hierdie groeiproses vind stap vir stap plaas, totdat volle volwassenheid in die geloof bereik is en is slegs moontlik deur God se genade (Titus 2:11-13). Op hierdie pad is die oog dus steeds gerig op die doel om al hoe meer aan Christus gelykvormig te word (Rom. 8:29) en om as gelowige voluit in die wêreld te lewe.

Om reg weg te spring en die pad so te stap dat die einddoel wat God voor oë vir sy kinders het, is geen maklike taak nie. Dit verg harde en toegewyde werk terwyl daar voortdurend gewaak word om alles wat die fokus van die einddoel kan afhaal te bestry.

Die gelowige opvoeder mag getroos weet dat hy nie hierdie taak in eie krag hoef uit te voer nie. As hy in gehoorsaamheid en biddende afhanklikheid Christus as sy enigste Leermeester hierin dien sal Hy hom ook toerus met die nodige insig en wysheid om die taak te kan uitvoer.

Die praktyk van leerondersteuning herinner ons aan ons taak as rentmeesters!

Bennie Aucamp

Inleidende opmerkings

Kinders wat leerhindernisse ervaar is ’n werklikheid waarvan deeglik kennis geneem moet word. Daar is ook ’n al hoe groter wordende bewustheid van kinders wat op grond van verskeie faktore leerhindernisse beleef en dus spesiale onderwysbehoeftes het. Hierdie feit kan nie maar net weg- redeneer word, of doodgewoon geïgnoreer word nie. Begrippe wat al deel van die omgangstaal in skole geword het, is woorde soos *uitvalle*, *toepaslike ondersteuning, intervensie, akkommodasie, alternatiewe assessering, terapeutiese dienste* en so meer.

Die doel met hierdie artikel en beskeie poging is nie om die redes vir bostaande situasie te beredeneer of te verduidelik nie. Die vrae ter sprake is: Wat behoort ons ingesteldheid of benadering hierteenoor te wees? Verder: Wat behoort die bestuursbenadering in die skool tov die praktyk van leerondersteuning te wees? Wat is die rol van die skoolhoof mbt die praktyk van leerondersteuning.

[Ten aanvang moet gemeld word dat die artikel vanuit ’n laerskool perspektief aangepak word en wel vanuit die sogenaamde Artikel 21 skool status. Ook is die skrywer terdeë daarvan bewus dat skole se omstandighede binne sekere gemeenskappe mag verskil en dat die aard en intensiteit van praktyke dus ook verskil.]

’n Belangrike uitgangs-/vertrekpunt!

Die kernfunksie/-doel van die skool is effektiewe onderrig en leer. Dit is ook die verantwoordelikheid en plig van die opvoeder om deur die aktiewe en intense betrokkenheid by ’n kind onderrig en leer te laat gebeur. Die ouer het ook ’n verwagting dat onderrig en leer te midde van sekere faktore en omstandighede sal plaasvind. Die ouer vertrou die skool met die professionele taak en die veronderstelling is dat dit aan die hand van die nodige strategieë en hulpmiddels sal geskied. Met ander woorde: Die skool is gestruktureer en ingerig om die taak voorhande aan te pak en uit te voer.

Dit beteken ook hedendaags dat die skool sodanig ingerig is dat voorsiening gemaak word om die kind wat leerhindernisse ervaar te akkommodeer in wat beskryf kan word as ’n ‘inklusiewe’ onderrig en leer omgewing. Dit is egter geen ligte taak en verantwoordelikheid nie. Dit verg deeglike beplanning en ’n dapper en manmoedige aanpak na deeglike ontleding. Deur alles is dit ’n sterk oproep tot die beoefening van rentmeesterskap in die ware sin van die woord en in die lig van die Woord! Dit gaan in wese oor kinders wat aan die Christen-opvoeder toevertrou word wat unieke skepsels van God is en wat na sy beeld geskep is en in liefde gehelp moet word. Dit impliseer ’n ingesteldheid en erkenning wat soos volg saamgevat kan word:

- Die beklemtoning dat ons as opvoeders met die kosbaarste van ouers vertrou word;
- Dat ons alles in ons vermoë moet doen om te help en te ondersteun;
- Dat ons nie veroordelend en antagonisties moet staan teenoor kinders wat spesiale ondersteuning mbt onderrig en leer benodig nie;



- Dat ons ware begrip sal hê vir kinders wat leerhindernisse ervaar;
- Dat ons die begeerte sal hê om dieper te delf in die wese van kinders wat emosioneel deur leerhindernisse aangetas word – al is dit ook deur die oë en werk van ander kundiges of spesialiste se waarnemings, gevolgtrekkings en aanbevelings waaruit besluite geneem moet word;
- Dat ons stigmatisering en etikettering sal teenstaan en vermy;
- Dat ons verslag van kinders aan ouers in die teken moet staan van die verslag wat ons eendag aan dié Eienaar moet doen – Hy wat ons met Sy ‘besittings’ vertrou het, die Almagtige God, hemelse Vader en Skepper;

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

- Dat ons bo alles sal besef Wie die Eienaar is en dat ons Hom sal ken uit sy Woord en in 'n ware en lewende verhouding met Hom sal leef.

In die lig van bostaande kom die werklikheidseis dat die hedendaagse skool spesifiek voorberei en ingerig moet word om kinders met spesifieke onderrig- en leerbehoeftes te akkommodeer. Hoe word dit dus bestuur?

Die bestuur strategie

Om strategies te kan dink, is 'n gawe van God aan die rentmeester! Dit beteken dat ons die verantwoordelikheid het om die uitdaging te definieer en of die aard daarvan te verduidelik. Dit beteken verder dat ons die uitdaging aan die hand van prosedure en 'n beleidsraamwerk aanpak – ook om hierdeur die geïdentifiseerde hindernisse te oorbrug. Dan word stappe op 'n gekoördineerde wyse in werking gestel om die beleid uit te voer waartoe ooreengekom is. Hierdie, noem dit 'n daadwerklike/aktiewe plan van aksie, word voorafgegaan deur die skep van die nodige strukture waardeur opvoeders begelei en ingelig word en vertroud gemaak word met die verskeie behoeftes van kinders tov onderrig en leer. Die doel is om opvoeders gerus te stel en by hulle die besef te laat deurdring dat hulle nie uitgelewer is of so moet voel nie. Die vraag is hoe dit bewerkstellig kan word?

- Vestig 'n portefeulje op die skoolbestuurspan wat die bestuur van leerondersteuning (en wat dit alles behels) ten doel het.
- Indien finansieel moontlik, skep 'n selfstandige pos waar 'n spesialis (Leerondersteuning Opvoeder/Koördineerder) die taak het om alle fasette mbt leerondersteuning te bestuur en ondersteuning aan die opvoeders te bied.

Uit laasgenoemde en onder die bestuurskap van die Leerondersteuning Opvoeder:

- Skep 'n sisteem waar klasassistente die opvoeder bystaan en kinders help mbt byvoorbeeld taakvoltooiing en verdere verduidelikings, asook mbt die inrig van die klaskamer vir intervensies en ondersteunende of addisionele leerprogramme vir individuele kinders.
- Vestig didaktiese hulpklasse in die middag buitemuurse program waar personeel met die nodige vaardighede kinders in kleiner groepe tov taal en wiskunde ondersteun.
- Rus die personeel dmv die personeel ontwikkelingsplan toe met kennis oor leerondersteuning, uitvalle, breinprofiele en dergelike inligting om sodoende begrip vir die realiteit van kinders met spesiale onderwysbehoeftes te vestig.
- Stig en hou 'n skoolgebaseerde ondersteuningspan in stand waar aan die hand van verslae saam oor kinders se ondersteuningspad besin word.
- Betrek die ouers deurlopend en hou gesprekke waar gesamentlik tot die besluit gekom word oor die wyse van ondersteuning – byvoorbeeld, of transkribeerders of fasiliteerders moontlik ingespan gaan word vir begeleiding, en of verdere terapeutiese hulp en evaluerings dalk benodig word.

In alles is die skoolhoof se rol mbt die vestiging van die sisteem van leerondersteuning deur leierskap beoefening essensieel.

Die skoolhoof se rol

Die skoolhoof ontvang sy taak vanaf God. Mense mag benoem en nomineer, maar God bevestig en beskik en verbind Homself aan die mens deur Jesus Christus. God stel die skoolhoof aan. God rus die skoolhoof toe en maak hom/haar bevoeg en bekwaam om werklik rentmeester te wees. Die skoolhoof as geroepene kan dus nie selektief wees in wie hy/sy wil help nie. Die skoolhoof voer nie sy/haar roeping voorwaardelik uit nie, maar vra sonder om te skroom: "Here, wat wil u hê moet ek doen?" en "Hoe moet ek dit doen?"

Hierdie vrae impliseer dat die skoolhoof in 'n hegte en lewende verhouding met God staan. Dis 'n verhouding waar deurlopend na God se wil gesoek en gevra word. Hierdie intieme verhouding met God bepaal en rig die horisontale verhoudings met mense. Wanneer kinders dus 'n appèl ook op grond van hulle leerhindernisse rig, reageer die skoolhoof deur verskeie aksies, strukture en strategieë in plek te plaas met die oog op hulp en begeleiding aan die kind. Dit gaan uiteindelik oor die gesamentlike visie tussen ouers en personeel om kinders te help sodat hulle word wat hulle moet word volgens God se wil. Dit is ons plig en verantwoordelikheid. Die volgende woorde is toepaslik en vat die aard van die skoolhoof se rol as rentmeester saam, asook die gees waarin dit plaasvind – veral ook tov leerondersteuning en kinders met spesiale onderwysbehoeftes:

Rentmeesterskap is niks minder nie as 'n totale lewenstyl, van algehele verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid voor God. Rentmeesterskap is wat ons doen nadat ons vir die Here gesê het "Ek glo …" … nadat ons ons vertroue, lojaliteit en liefde vir die Here gegee het. … nadat ons besef het dat alles wat ons is en het kom van God af. **(F Kruger, Mei 2009)**

Skriftuurlike merkers vir ’n bybelse etiek van seksualiteit

Prof. Johan Janse van Rensburg

Inleiding

Kulturele persepsies oor seks het ’n pendulum-swaai van regs na links ondergaan. Die Victoriaanse kuisheidsbeskouing het gesprekke oor seks met groot oë en geskokte asem-inhouding laat stol. Sedert die seksuele rewolusie van die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu het ’n libertinistiese seksualiteit ’n nuwe era van vrysinnigheid ingelei.

Die ontwaking van hierdie liberale denke oor seksualiteit is in teologiese kringe deur die situasie-etiek van J.A.T. Robinson en Joseph Fletcher in die sestigerjare van die vorige eeu aangevuur. Die enigste norm vir seksuele gedrag volgens die situasie-etiek is die sogenaamde innerlike kompas van die liefde. Enige seksuele gedrag wat deur die liefde gedryf word, is hiervolgens eties aanvaarbaar.

’n Tweede invloed op die radikale skuif in seksuele etiek is die veranderde wyse waarop die interpretasie van Bybeltekste die denke oor seksualiteit beïnvloed het. In die plek van streng weerhouding van gesprekke oor seksualitet het ’n vrypostige, selfs pornografiese uitbundigheid posgevat. Sekularisasie het ’n bybelse beskouing oor seksualiteit na die randgebied van denke en gedrag verskuif.

’n Derde belangrike invloed is die geweldige en onontkombare suigkrag van die post-modernisme. Hierdie ideologie (paradigma) verwerp absolute waarhede en vaste etiese norme. Dit is egter ’n valse indruk dat post-modernisme geen beginsel vir seksuele gedrag erken nie. In werklikheid kom die post-moderne etiek ooreen met die beginsel van die innerlike kompas van die liefde by Robinson en Fletcher. Nie algemeen-geldende Skrifbeginsels nie, maar die konteks van die individu bepaal die etiese seksuele gedrag. Hiervolgens is daar nie een nie, maar ’n veelheid van narratiewe soos wat die narratief van individue verskil. Wat in die konteks van die individu waar is, is ook eties geregverig.

Die invloed van hierdie post-moderne denke is selfs in die kerk waarneembaar. Dit is pynlik opmerklik hoe die beginsel van die liefde tans in die homoseksualiteitsdebat ingespan word om daarmee duidelike tekste in die Skrif te relativeer. Hiervolgens word beweer dat die anti-gay-tekste in die Nuwe Testament nie oor ’n liefdevolle selfdegeslag-verhouding gaan nie, maar oor die verbreking van die huwelik met ’n seksuele avontuur met iemand van dieselfde geslag. Selfdegeslag-seks wat in liefde geskied is hiervolgens nie homoseksualiteit nie. Vandaar die verklaring van sekere geleerdes by die N.G. Kerk se Algemene Sinode (2015) dat die Bybel nie liefdevolle self-degeslag-verhoudings veroordeel nie.

Teen die agtergrond van al hierdie kragte (daar is weliswaar ook veel meer) wat op die besinning oor seksualiteit inspeel, is die vraag vir gelowiges wat die Skrif nog ernstig wil opneem, of die Bybel nog enigsins iets oor seksualiteit te sê het. Moet die Skrif ernstig opgeneem word, of moet ons glo wat ’n professor in etiek sê dat die Bybel se voor-



skrifte nie in ons sekulêre en post-moderne wêreldbeeld toegepas kan word nie? Die uitgangspunt van hierdie artikel is egter dat die Skrif nie alleen normatief en relevant is nie, maar dat die morele bankrotskap in die samelewing juis as gevolg van die relativering van die Skrif en God se normering vir ons etiese gedrag plaasgevind het.

Grondmotiewe

Uit die talle moontlikhede om ’n artikel oor hierdie onderwerp aan te pak, word by wyse van voorkeur vir die Skriftuurlike uitgangspunte van skepping, sondeval en verlossing gekies. Onder hierdie samevattende beginsels word verskeie konsekwensies en merkers vir ’n christelike seksuele etiek geïdentifiseer.

Skepping

Geen bespreking oor seksualiteit kan sonder ’n deeglike verre-

Vervolg op bl. 15

Vervolg van bl. 14

kening van die skeppingsmotief op volledigheid aanspraak maak nie. Hoe daar ookal oor skepping en/of evolusie gedink word, bly dit betekenisvol dat talle uitsprake oor seksualiteit in die Bybel met die skepping in verband gebring word. Die skepping van die mens na die beeld van God word uitdruklik in verband gebring met die onderskeie identiteite van man-wees en vrou-wees. Christus verwys hierna in Matteus 19:4. HY antwoord die strikvraag oor egskeiding met die woorde: "Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?" Paulus verbind die huwelik en seksualiteit uitdruklik aan die natuurlike skeppingsbeginsel in Romeine 1. Die skeppingsmotief is hier die leidende beginsel in Paulus se uiteensetting. Seksuele verkeer tussen dieselfde geslag word daarom as "teennatuurlik" en as sondig beskryf. In Efesiërs 5:31 werk Paulus wéér met die skeppingsbeginsel. Man en vrou sal een vlees wees, 'n terugverwysing na die skeppingsverhaal.

Dit is daarom tragies dat 'n nuwe Testamentiese eksegeet skryf dat die skeppingsbeginsel nie in die gaydebat ter sprake gebring behoort te word nie. Die skeppingsbeginsel dui immers God se oorspronklike bedoeling met die mens in die algemeen en die seksualiteit in besonder aan. God se plan met die wêreld was nie om onmiddellik 'n aarde met mense te vul nie, maar om hulle vrugbaar te maak en aan hulle die opdrag te gee om te vermeerder en die aarde te vul. Só word die seksualiteit deel van God se skeppingsdoel. Weliswaar beteken dit nie dat die menslike seksualiteit net op prokreasie afgestem is nie. Die seksuele mag immers ook as gawe van God geniet word (Spr. 5:18-19; Hooglied), maar die skeppingsdoel is tog 'n wesenlike deel daarvan. Daarvan is die dikwels obsessiewe begeerte na 'n kind die onweerlegbare bewys. Wie dus onbepaald en ongekwalifiseerd om selfsugtige redes swangerskap keer, verskraal die seksuele daad tot 'n blote spel van wellus.

Sondeval

Die vraag is al dikwels in die verlede gevra of die seksuele verhouding tussen Adam en Eva die eerste sonde was. Natuurlik nie! God het hulle immers beveel om vrugbaar te wees. Hoe anders? Die vraag het dalk ontstaan uit die Victoriaanse preutsheid dat seks sonde is. Wat wel waar is, is dat die konsekwensies van die sondeval onmiddellik 'n nadelige invloed op die verhouding tussem Adam en Eva gehad het. Hulle het van hulle eie naaktheid bewus geword en was skaam daaroor. Hierdie reaksie was die begin van Satan se fokus om juis die seksualiteit te misbruik om verwoesting in die skepping te saai. Onbeheerste wellus, egbreek en moord is die verhaal wat telkens in die Skrif ontvou. Die streng inhiberende implikasies van die sewende gebod het tot gedurige vermanings in die Skrif gelei. Die leser word gewaarsku teen die verleidelike vrou, die begeerte na die vrou van 'n ander en die noodsaaklikheid om as gelowiges 'n rein lewe te lei. Om na die vrou van 'n ander op 'n begeerlike wyse te kyk, is alreeds egbreek. Selfs die gewoonte om allerlei sekspraatjies met mekaar te deel, moet vermy word.

Vanweë die vernietigende effek van die sondeval is die seksualiteit op soveel maniere skeefgetrek dat 'n groot aantal onnatuurlike seksuele praktyke bekend geword het. Die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie se DSM 5 (Diagnostiese en statistiese handleiding van geestesversteurings) gee 'n skrikwekkende lys van seksueel-afwykende gedrag. Dit sluit onder andere die volgende in: pedofilie, ekshibisionisme, voyerisme, sadisme, masogisme, frotteurisme (skuur teen vreemdelinge) en fetisjisme. Daar is egter ook 'n lang lys van parafilia wat in forensiese konteks nie in bepaalde kategorieë ingedeel kan word nie en nie so prominent is nie, maar as onnatuurlik en patologies beskou word. Die feit dat homoseksualiteit uit die lys van patologiese seksualiteit (*sexual disorders*) verwyder is, word vanweë die ruimtelike beperking nie hier bespreek nie.

Ook die sielkundige en fisiese gevolge van losbandige seksuele uitinge is deur navorsing in die onderskeie wetenskappe bevestig. Veneriese siektes behels 'n verskeidenheid van manifestasies terwyl psigo-patologie, soos depressie, 'n algemene gevolg van skeefgetrekte seksualiteit is. Losbandige seksuele eskepades lei tot ongewenste swangerskappe, aborsies of die maatskaplike euwel van kindertjies wat sonder heenkome op straat beland, feitlik deurgaans in haglike omstandighede. Wat deur God bedoel is as 'n wonderlike gawe aan die mens, mooi en heilig, het vanweë die sondeval verword tot die grootste vernietiger van geluk in huwelik, gesin en samelewing.

Verlossing

Die verlossing wat Jesus Christus bewerk het, geld ongetwyfeld nie net die spreekwoordelike "verlossing van die siel" nie. Die bybels-christelike antropologie fokus op die hele mens omdat die mens 'n eenheidswese is. Die verlossing en genesing wat Jesus bring, sluit dus ook die

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 15

liggaam en seksualiteit in. Daarom word gelowiges opgeroep om God ook met hulle liggaam te verheerlik (1 Kor.6:20). In Efesiërs 5:22-33 word die seksualiteit direk met Christus se verlossing in verband gebring. Die man moet sy vrou liefhê soos Christus sy bruid, die gemeente, liefgehad het. Die man moet dit vir sy vrou moontlik maak om heilig te lewe soos Christus met die gemeente gemaak het. Christus is een met die gemeente, sy bruid, soos die man met sy vrou in die seksuele omgang een word. Hiervan sê Paulus dat dit 'n diep geheim is wat op Christus en sy gemeente toegepas word. Die verwysing na die "een vlees wees" gryp nogeens terug op die skeppingsbeginsel.

Nie alleen verlos Christus van alle sonde nie, maar wil hy ook die huwelik herstel en genees. Kan dit die rede wees waarom hy 'n bruilof kies om sy eerste wonderwerk te doen? Die talle oproepe tot die vermyding van seksuele losbandigheid en die oproep tot 'n heilige lewe word in die Skrif telkens aan die verlossingsmotief gekoppel. Om Christus wil, sou ons kon sê. Daarmee word die vermaning van moralistiese wettisisme losgemaak en in die konteks van Christus se woorde in Johannes 10:10 geplaas: "Ek het gekom dat julle die lewe kan hê en dit in oorvloed". 'n Lewe in oorvloed sluit immers ook 'n gelukkige huwelik en noodwendig 'n gelukkige seksuele verhouding in.

Slot

Daarmee is die grondbeginsels nogeens vir 'n christelike etiek van seksualiteit gelê. Die nadere uitwerking daarvan sal waarskynlik boekdele beslaan. Maar dit het tog dringend nodig geword, aangesien daar deesdae selfs deur geleerdes beweer word dat die Skrif nie meer relevant vir die seksuele etiek kan wees nie.

Christelike opvoeding aktueel en relevant

Geneem uit:* Voed hulle op, *afd. A, hfst. A1 (ble. 22-27) deur prof. Pieter Stoker

(Vervolg op die eerste deel wat in die Sept/Okt-uitgawe van ons blad verskyn het)

Christelike onderwysvisie

In *'n Christelike onderwysvisie* funksioneer die inhoud van die onderwys (kennis, insigte, waardes en houdinge) op vier maniere:

- Die inhoud is 'n middel om leerlinge so goed as moontlik voor te berei op die uitoefening van hulle take (roeping) in hierdie wêreld.
- Die inhoud is ook 'n middel om leerlinge te leer om in die hier-en-nou van hulle kinderlewe te funksioneer, bv. deur sosiale vaardighede. *By hierdie en die eerste funksie kan die inhoud van die toerusting gesien word as instrumenteel tot diens aan God en die naaste.*
- Die inhoud van die onderwys funksioneer ook in 'n persoonsvormende taak met as kern Christelike waardes en 'n normatiewe houding. *Hierdie vormende taak sluit in eienskappe soos roepingsbesef, deursettingsvermoë, kreatiwiteit, respek vir gesag, respek vir God se skepping, ensomeer.*
- Die inhoud van die onderwys moet die kind ook vorm om God as Skepper en Onderhouer van alle dinge te leer ken.

Christelike onderwys moet leerlinge toerus om hulle roeping uit te leef in ons huidige dinamiese samelewing. 'n Dinamiese samelewing vereis 'n dinamiese en veelvormige toerusting. 'n Proses van individualisme is kenmerkend van die huidige samelewing en staan lynreg teenoor die fundamentele menslike afhanklikheid van God. Hierdie afhanklikheid bepaal ook die sosiale instelling van die mens. Die (jong) Christen moet met 'n besef van verantwoordelikheid teenoor God, sy taak in hierdie samelewing vervul.

Die mens is 'n sosiale wese deur die ek-jy-relasie. As eenling kan hy nie leef of werk nie. Hy is egter



ook nie soos 'n kuddedier onderhorig aan 'n groep of aan 'n bepaalde lewensverband nie, soos evolusionistiese gedagtes dit dikwels in opvoeding en onderwys inskryf. Christene maak deel uit van 'n samelewing, waarin hulle 'n belangrike roeping het om te vervul. Hulle leef wel in die wêreld (as deel van 'n same-

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

lewing), maar is nie van die wêreld nie (in hulle Godgegewe roeping). Die wêreld staan onder die heerskappy van Christus, al besef die wêreld dit nie. **God se koninkryk begin hier op aarde, in die mens se rentmeesterskap van God se skepping.**

Christelike skool

God gee aan ouers kinders. *Kinders word elkeen met 'n eie* ***uniekheid*** *gebore.* Hy skenk aan elkeen 'n eie aanleg en talente, wat deur opvoeding en onderwys ontwikkel (in die sin van bekwaammaking) moet word. **Menigvuldige faktore beïnvloed en vorm van buite af die grootwordende kind. Ons erken egter in die verloop van die lewe die leiding van God.** Hierdie erkenning mag nie tot 'n passiewe berusting lei nie, maar moet ons motiveer om, uitgaande van die goddelike opdrag, verbondskinders op te voed en te onderrig. Christenouers dra 'n deel van hulle opvoedingstaak oor aan Christelike onderwys. Skool en ouers moet daarom ook as 'n eenheid saamwerk.

God het die wêreld met groot wysheid geskape, met 'n magtige rykdom van skepsele, waarin God Hom kan verlustig. God onderhou en bestuur die skepping elke oomblik tot 'n voleinding volgens sy Raadsplan. Die mens is die kroon van sy skepping, geskape na sy beeld. Hy het die reg dat elke mens Hom loof en aanbid vir die wondere van sy handewerk, waarvan ons deel is en wat ons elke oomblik aanskou. **God verwag ook dat die mens sy roeping (lewenstaak) sal vervul, waarvoor Hy hom met groot gawes na liggaam, siel en gees toegerus het.**

Die mens is veelvormig (pluriform): elkeen is ***uniek en word geroep tot 'n taak wat spesiaal vir hom bestem is*** *en waarvoor hy met die nodige gawes en talente toegerus is.* Daarom verkry elkeen sy eie vermoëns en kwaliteite om sy roeping te vervul, met regstreekse verantwoordelikheid aan God.

Die mens, wat na die beeld van God geskape is, het van God die opdrag ontvang om as *rentmeester en verteenwoordiger van God* sy taak op aarde te vervul. Hy het daarom die verpligting om die skepping te versorg en in stand te hou. **Deur die sonde het die mens egter 'n selfsugtige uitbuiter van die skepping geword, maar God het sy verbond met die mens in Christus herstel.** Kinders van gelowige ouers is daarom in Christus geheilig en hulle is sy eiendom. Hulle moet as **geroepenes** opgevoed word.

Algemene skoolfunksies **is persoonsvormend, samelewingsvormend en beroepsvormend. Hierdie vorming is nie waardevry nie.** (Waardes is daardie dinge in die lewe wat goed, gewens en belangrik is). Kinders moet voorberei en toegerus word om hulle roeping (ook lewenstake genoem) in die samelewing waar God hulle plaas, te volvoer, ook in hulle beroepe in 'n veelvormige (pluriforme) samelewing. In hierdie voorbereiding en toerusting bly die verhouding tot God primêr. Christelike opvoeding se doel is dan ook om kinders te lei en te begelei tot 'n lewe, waarin hulle as geroepenes daarop gerig is *om God en die naaste te kan en te wil dien*. Die skool leer die leerlinge omtrent die waarheid van God se skepping en sy verbond met ons.

Om in 'n gesekulariseerde samelewing te kan leef, moet die kinders *weerbaar wees*. Hulle moet oor grondige kennis beskik en moet 'n normatiewe ingesteldheid hê. Hulle moet gevorm word om lewende lidmate van die Kerk van Christus te wil wees. Sosiaalgerigte toerusting is vanweë toenemende individualisme in ons tyd nodig. **Die toerusting wat 'n Christelike skool moet verskaf, behels daarom meer as slegs die oordrag van kennisinhoude of leerstof. Die vorming van waardes en norme, van houdings en van sosiale vaardighede is ewe belangrik.**

Onderwysinhoude **het 'n belangrike instrumentele funksie. Dit beteken dat leerstof sodanig geselekteer, ingeklee en onderrig moet word, dat dit relevant vir die lewenstaak is, inpas by die Christelike *onderwysvisie* en aansluit by die kind se konkrete verstaan en sy leef- en ervaringswêreld.** Dit moet die kind se belangstelling prikkel en relevant wees. Die algemene taak van die skool is gevolglik om *opvoedkundig-verantwoorde onderwysleersituasies te skep*.

Die *kennis-inhoudelike taak* vorm die hooftaak vir die Christelike skool. Die skool rus toe vir 'n lewenstaak, eerder as om ingestel te wees op leiding en begeleiding. In die kind is 'n persoonsvormbeginsel werksaam. Die Christelike onderwysvisie voorsien die vormende krag. Negatiewe neigings moet gekorrigeer word. Daarom is die idee van selfontwikkeling nie aanvaarbaar nie. Die ontwikkeling van 'n eie, genormeerde mening by leerlinge is egter baie belangrik. Die sonde is 'n steurende faktor in die onderwys. Daarom sal gelowige opvoeders wanneer nodig, regstellend optree om sondige neigings by kinders teen te werk.

(Word vervolg)

Die kruis-evangelie in gedrang: óf Jesus onnodig gesterf óf die Kruis is ons lewensaar

Emeritus-professor Fanie Riekert

II Trots op ons Erfenis wat ons uit die hande glip deur ongelowige geloof – 'n bedreiging van binne die Kerk

Paulus sê hy en Petrus en al die Joodse mede-christene neig om trots daarop te wees dat hulle nie sondaars uit die heidene is nie, net soos die Jode wat nie Christene geword het nie, trots was op hulle herkoms en daarmee saam op hulle ongelowige geloof. Miskien was dit iets om op trots te wees? Paulus sê: hy kon sy "pedigree" ten toon stel. Nou sê hy egter nee – alleen deur in Christus te glo kry ons vryspraak van sonde sonder enige meriete deur onderhouding van die wet. 'n Harde skok, niemand kry vryspraak op grond van die wet nie; dus ook ons uit 'n reformatoriese tradisie kry dus geen vryspraak op grond daarvan dat ons (voor)-ouers geglo het nie (vs 20, Rom. 10:10). So my Hugenote-erfenis, my Geuse erfenis, my Geneefse erfenis, my Heidelbergse Kategismus-erfenis, my Dordtse erfenis, my Nederlandse Geloofsbelydeniserfenis, my 39-artikels – en Westminster-erfenis sal nie my vryspraak bewerk nie. Dit gebeur alleen op grond van die plaasvervangende lyding van Christus (Rom 4:25; 5:19; 1 Kor 15:3).

Ons kan die vyf solas opsê en daarop roem as ons erfenis. Dit is waar, maar dit bring nie vryspraak nie, as ek dit nie glo nie:

sola gratia: deur genade alleen
sola fide: deur geloof alleen
sola scriptura: volgens die Skrif alleen
solus Christus: Christus alleen
sola gloria Deo: tot eer van God alleen

Dit is wonderlike waarhede. Selfs as ek dit glo, is dit nie 'n rede om op trots te wees nie – eerder gelowig dankbaar en nederig. Ek staan voor die feit dat die solas my leer dat my redding van Bo kom.

Kom ons behandel sekere aspekte meer breedvoerig:

(a) Vrye genade:

Luther verwoord dit so: "Ek, 'n onwaardige verkondiger van die Evangelie van Jesus Christus, bely en glo hierdie artikel dat geloof alleen, sonder werke, ons voor God kan regverdig en dit sal ek nooit weer verwerp nie. Dit is die ware Evangelie … dit is die leer wat ek sal bely en verkondig. Dit is wat die Heilige Gees en die Kerk van die getroues oorgelewer het. Hierby sal ek bly. Amen!" Alles hang af van God se vrye genade in Christus Jesus. Daar is genade net in EEN Evangelie. Dit is duidelik die boodskap van ons teksgedeelte.

Niemand sal die boodskap van die Skrif reg verstaan as hy/sy nie die betekenis van genade begryp nie. Genade is liefde, maar dan 'n buitengewone spesiale liefde. Dit is 'n liefde wat neerbuig en opoffer en dien, wat goed is vir die wat sleg is, wat oorvloedig eers gee aan die ondankbares en diegene wat niks verdien nie. Die Evangelie is die tyding van genade – God se vrye en onverdiende genade alleen. Dit is die Bybelse Evangelie. Dit is Paulus se Evangelie. Hy glo dit met sy hele hart dat niks wat 'n mens kan doen, ooit die guns van God kan wen nie. Niemand kan ook die liefde van God verdien nie. Wat bly oor? 'n Mens kan hom/haar slegs beroep op die liefde en genade van God in 'n daad van geloof – en met dank aanvaar wat God aanbied en wat Christus vir ons gedoen het.

As die wet ons verbrysel en geslaan het, sal ons die nood dat die Evangelie ons wonde moet verbind, erken. Slegs wanneer die wet ons arresteer en gevange hou, sal ons verlang dat Christus ons vrystel. Slegs as ons die oordeel en dood van die wet op ons voel druk, sal ons Christus aanroep vir 'n regverdigmakende lewe. Net totdat die wet ons oordeel, sal die Evangelie ons optel na die hemel toe. Slegs as die wet ons dryf tot wanhoop in onsself, sal ons in Jesus Christus glo.

Watter mens is nie van nature boos, ontaard nie? Ons bely dat ons van nature geneig is om God en ons naaste te haat. Die diere haat nie hulle prooi nie. Hulle vang en byt dood omdat hulle honger is. Die mens haat egter. Die mens pla sy broer, ook as hy nie honger het nie. Hy roof as sy sakke reeds vol is. Eers as die mens hom/haar so leer ken in sy/haar ontaarding, eers as die mens sy/haar ellende ken, kan hy/sy saam met Dawid bid: Skep vir my 'n rein hart, o God! (Ps 51:12) Sien jy, God het lief

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

teenoor alle haat, wil terugbring wat van Hom wegvlug, wil die hulpelose red en die bedelaar uit sy/haar sak en as optel om tussen prinse sy/haar plek in te neem (Ps. 113:7-8). Tog vergeet mense van hierdie genade. Om daarvan weg te draai, is om van die ware evangelie weg te draai, al is dit ook in 'n valse poging om al die Christene bymekaar te bring. Dit gebeur wanneer leermeesters en hulle volgelinge begin om mense te verheerlik deur voor te gee dat mense enigsins tot hulle verlossing kan bydra by wyse van hul eie moraliteit, godsdiens, filosofie, eerbiedwaardigheid, denke of beskaafdheid. Dan word die evangelie van genade verloor en sit die mens met trots op sy/haar ongelowige geloof, al dink hy/sy het 'n wonderlike erfenis. Die toets is, maak seker dat jy fokus op die vrye genade van God! Die ware Evangelie maak die genade van God groot. In vrye genade verleen God vry en onverdiend sy guns. Die Hervormingslewe word aangedryf deur so God se soewereine reg in die vergifnis van sonde en beskikking in ons lewe te erken. Dan glip dit uit ons hande wanneer ons reken dat ons op een of ander grond reg het op vergifnis.

(b) Geen verdienste van ons kant

Die belofte stel 'n godsdiens van God voor: God se plan, God se genade, God se inisiatief. Die wet stel voor 'n godsdiens van die mens: die mens se plig, die mens se werke, die mens se verantwoordelikhede. Die belofte moet net geglo word – dit is die genade van God; die weg wat die werke van die mens voorstel moet ook geglo word: dit vra verdienste.

As ons insien dat Christus Homself vir ons sonde gegee het, dan besef ons dat ons sondaars is en onbekwaam in onsself is om ons te red en ons hou op om te vertrou dat ons in onsself regverdig is. Daarom sluit dit alle vorms van selfgeregtigheid uit.

Wanneer ons praat van redding "deur genade en nie deur werke nie", dan sê die Bybel en ons nie dat geloof merietevolle werk is nie. Daar is niks verdiensteliks in geloof nie. Ons verlossing is ook nie 'n samewerkingspoging van God en ons nie waarin Hy die Kruis voorsien en ons die geloof nie. Inteendeel, geen mens kan by genade iets voeg en geloof is die teenoorgestelde van eie dunk. Jesus se kruisdood en opstanding word verstaanbaar slegs as daar vir ons geen ander uitweg is nie. Dit is absoluut. Andersins is die Christus se dood onvoldoende, soos wanneer ons die een Middelaar tussen God en mens erken, maar ons soek ons saligheid óf volkome óf gedeeltelik op ander wyses. Ons moet óf uit die guns en vergifnis van God verdien deur ons "goeie" werke – 'n godsdiens na die mens, vir en deur die mens. Wanneer ons maak of mense se werke noodsaaklik vir verlossing is, selfs as 'n aanvulling daarvan, breek dit af aan die volbragte werk van Christus. So is dit,die implikasie dat Christus se dood nie genoegsaam was nie. Dan moet ons dit op een of ander wyse aanvul of verbeter. Ons wil ywer vir die eer van God en tog maak ons die godsdiens mensediens.

Die Here Jesus het nie alleen vir die Fariseërs van ouds vertel van die gebede van die tollenaar en Fariseër nie, maar ook vir moderne Fariseërs in die Kerk en vir ons. Ons wil soos die Fariseër onsself op die skouer klop en hoop dat ander dit ook sal doen. Daarom wys Paulus die Judaïseerders se aandrang op <u>ook</u> die besnydenis so sterk af. So dink ons dat ons ook by die geloof deur ons goeie dade, ons diens in die Kerk en aan ons medemens gered word,

Toets jou gesindheid hieroor: kyk of daar in jou denke iets verdiensteliks is wat saam met jou geloof moet tel.

Ons gee dit hoog op dat die Bybel God se Woord is en laat die Bybel onoopgemaak op ons rak of tafel of verkies om na die wysheid of mense te luister of dit te lees. Ons behoort die blye boodskap onbevrees te verkondig (so gee ons op), maar laat die bediening van hierdie boodskap in die niet versink, deurdat ons vertroue in die krag van die Woord verloor.

Die kernprobleem van die Galasiërs <u>was daarom dat hulle die posisie van genade</u> verlaat het. Hulle verhouding teenoor God het verander – God wat hulle die voorwerpe van Genade van Christus gemaak het; en deelagtig aan sy gawes om nou hulle na alles onder 'n wet te plaas wat sy Evangelie geloën het. Waar ons die verlossing sonder menslike verdienste uit die hande van God ontvang het, soek ons saligmakende erkenning van wat ons gedoen het. Al beskuldig die opponente Paulus dat hy nie erns maak met die onderhouding van die wet nie, roep hy net: verre daarvandaan. Die onderhouding van die wet – en mitsdien die christelike lewe – is maar 'n teken van sy/ons dankbaarheid. So kan Paulus in Gal. 2:19, 20 sê: "Deur die wet is ek dood vir die wet (en die roem) sodat ek vir Christus kan lewe; ek is saam met Christus gekruisig … en Christus leef in my." Die gelowiges is as gevolg van hulle verbondenheid met Hom ingesluit of betrokke by sy dood. Hy het nie opgehou lewe nie, maar sy lewe word nie langer bepaal deur sy natuurlike of sondige drange nie, maar deur Christus.

Wat is werklik belangrik en in die kern? Nie besnydenis of onbesnedenheid nie, maar 'n nuwe skepping. Besnydenis en doop behoort tot die uiterlike tekens; die innerlike saak is die nuwe ge-

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

boorte en gepaardgaande nuwe lewe. Nou word dit op sy kop gekeer en besnydenis en doop word die weg tot verlossing in stede van die wedergeboorte en heiligmaking. Besnydenis en doop is dinge van die uiterlike mens, sigbare seremonies deur mense gedoen; die nuwe skepping is 'n geboorte van die Gees, 'n innerlike en onsigbare wonder deur God. Uiterlike tekens het slegs betekenis as die innerlike realiteit daar is.

(c) Christus het vir ons sonde gesterf en 'n onbegryplike ruiling bewerkstelling waaraan ons deel het deur die geloof

As ons na Christus toe kom en ons vertroue op Hom plaas, vind daar 'n merkwaardige, maar tog onbegryplike ruiling plaas. Hy neem ons sondes weg en beklee ons met sy geregtigheid. Die gevolg is dat ons voor God kom staan en nie op ons eie geregtigheid vertrou nie, maar alleenlik op die Here se groot en veelvuldige barmhartigheid, nie trots op die vodde van ons eie moraliteit, al is ons trots daarop, maar in die onbevlekte kleed van Christus se geregtigheid.

Paulus ontvou die groot leerstuk van regverdigmaking deur die geloof. Hierdie Evangelie van die vrye guns van God het Paulus verkondig teenoor die Judaïseerders se geloof dat 'n mens guns by God kon verwerf. Indien enige mens of selfs 'n engel uit die hemel die Galasiërs 'n boodskap bring wat daarmee strydig is, het hulle geen hoop om die goddelike vloek te ontsnap nie. Dit is 'n angswekkende lot wat almal oorval wat 'n boodskap verkondig wat in stryd is met die Evangelie. Paulus skrik nie daarvan weg om hierdie goddelike oordeel toe te pas op wat in Galasië plaasvind nie. Al sulke boodskappe is 'n verdraaiing van die Evangelie; geen misdaad is groter as dit nie. Die verkondiging van die verdienste van Jesus Christus is slegs sinvol wanneer die verkondiger te staan kom voor die feit dat daar geen ander weg moontlik is nie. Dit is dus 'n ernstige saak dat die regverdige God op geen manier ons ongeregtigheid kon vergewe behalwe deur dit self in Christus te dra nie. Slegs hulle wat blind is vir die heerlikheid van die Evangelie en die erns van die situasie, blameer die apostel vir die krasse voorkoms van sy taal.

Dit is goeie nuus dat sommige mense met God in die regte verhouding kan kom, nie deur werke nie, maar deur 'n eenvoudige handeling van vertroue in God.

Bedankings

Ons bedank graag die volgende persone en instansies, wat dit moontlik gemaak het om die kongres aan te bied:

- **Die referente:**
  ds. Hannes Noëth
  dr. Morné Diedericks
  prof. Johan van Niekerk
  dr. Wickus Buys
  prof. Johan Bosman
  ds. Willem van Schalkwyk
  mev. Lucia van Wyk
- Die Instituut vir Christelike Onderwys, die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) en die Afrikaanse Protestantse Akademie vir die beskikbaarstelling van hulle hoofde, dosente en amptenare.
- Ds. Ronald Bain en Prof. Koos Adendorff wat die opening op 3 en 4 Maart onderskeidelik waargeneem het.
- AROS vir die beskikbaarstelling van hulle gebouekompleks en geriewe vir die hou van die kongres.
- Maroela Media, Pretoria FM, Radio Overvaal en die *Ditsem* nuusblad vir die reklamering.
- Gereformeerde Skool Dirk Postma wat die verversings en etes voorsien het.
- Elkeen wat die moeite gedoen en die tyd ingeruim het, te midde van hulle eie besige programme en skedules, om die kongres by te woon.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M. Strauss.

50
(1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Gekoöpteerde lede: Prof J.A.E. Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes